UNIE VAN SUID-AFRIKA
UNION OF SOUTH AFRICA

Staatskoerant
Government Gazette

(As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer)

(Registered at the Post Office as a Newspaper)

VOL CLXXI.] PRYS 6d. PRETORIA, 23 JANUARIE 23 JANUARY 1953. PRICE 6d. [No. 4994.

INHOUD.

Alle Proklamasies, Goewerments- en Algemene Kennisgewings, wat vir die eerste maal gepubliseer word, is in die linker-bohoek met 'n ✱ gemerk.

Proklamasies en Goewermentskennisgewings in „Buitengewone Staatskoerante" gepubliseer, word vir verwysingsdoeleindes in die weeklikse inhoudsopgawe ingesluit.

No.		BLADSY
	Proklamasies.	
✱	5. Geproklameerde Gebied van Viljoensdrif-Coalbrook: Omskrywing van Gebied ...	1
✱	6. Naturelle-Verteenwoordigingswet, 1936: Verkiesing van Senator: Kiesgebied van die Provinsie Natal	1
✱	7. Proklamering tot 'n Publieke Delwery: Gedeelte van Turffontein No. 19 ...	2
	Goewermentskennisgewings.	
	KANTOOR VAN DIE EERSTE MINISTER EN DEPARTEMENT VAN BUITELANDSE SAKE:	
✱	183. Intrekking van Registrasie van Persone wat Geregtig is tot Diplomatieke Immuniteit	2
✱	184. Intrekking van die Erkenning van die Heer Chou Yun-ting as Vise-konsul van die Republiek China	3
✱	200. Vredesverdrag met Japan	3
	DEPARTEMENT VAN FINANSIES:	
✱	144. Sluiting van Oordragboeke	16
✱	145. Maandelikse Opgawes deur Permanente Bouverenigings	16
✱	159. Gewetensgeld	16
✱	169. Maandelike Bankopgawes: Verbeteringskennisgewing	17
✱	175. Suid-Afrikaanse Reserwe Bank: Weeklikse Staat	17
✱	185. Suid-Afrikaanse Reserwe Bank: Weeklikse Staat	18
✱	186. Gewetensgeld	18
	DEPARTEMENT VAN LANDE:	
✱	146. Intrekking van Weiregulasies: Onderstedoorns	18
✱	193. Plasing van Proefhuurders op die Pongolanedersetting, Transvaal en Natal	18
	DEPARTEMENT VAN BESPROEIING:	
✱	147. Waterhofassessore	19
	DEPARTEMENT VAN JUSTISIE:	
✱	160. Kafferbierregulasies: Transvaal Navigation Collieries Estate Company, Limited	19
✱	173. Rondgaande Hof: Springs	20
✱	174. Rondgaande Hof: Vereeniging	20
	DEPARTEMENT VAN VERVOER:	
✱	148. Plaaslike Padvervoerrade: Aanstelling van Lede	20
	DEPARTEMENT VAN SPOORWEË EN HAWENS:	
✱	150. Wysiging van die Personeelregulasies vir Amptenare	21
✱	151. Wysiging van die Personeelregulasies vir Werksmanne	21
✱	152. Wysiging van die Personeelregulasies vir Amptenare	22
✱	153. Wysiging van die Personeelregulasies vir Werksmanne	23

CONTENTS.

All Proclamations, Government and General Notices published for the first time, are indicated by a ✱ in the left-hand upper corner.

For purposes of reference, Proclamations and Government Notices published in "Gazettes Extraordinary" are included in the weekly index.

No.		PAGE
	Proclamations.	
✱	5. Proclaimed Area of Viljoensdrift-Coalbrook: Definition of Area	1
✱	6. Representation of Natives Act, 1936: Election of Senator, Electoral Area of the Province of Natal	1
✱	7. Proclamation as a Public Digging: Portion of Turffontein No. 19	2
	Government Notices.	
	OFFICE OF THE PRIME MINISTER AND DEPARTMENT OF EXTERNAL AFFAIRS:	
✱	183. Cancellation of Registration of Persons Entitled to Diplomatic Immunity	2
✱	184. Cancellation of the Recognition of Mr. Chou Yun-ting as Vice-Consul of the Republic China	3
✱	200. Treaty of Peace with Japan	3
	DEPARTMENT OF FINANCE:	
✱	144. Closing of Transfer Books	16
✱	145. Monthly Returns by Permanent Building Societies	16
✱	159. Conscience Money	16
✱	169. Monthly Bank Returns: Correction Notice	17
✱	175. South African Reserve Bank: Weekly Statement	17
✱	185. South African Reserve Bank: Weekly Statement	18
✱	186. Conscience Money	18
	DEPARTMENT OF LANDS:	
✱	146. Repeal of Grazing Regulations: Onderstedoorns	18
✱	193. Accommodation of Probationary Lessees on the Pongola Settlement, Transvaal and Natal	18
	DEPARTMENT OF IRRIGATION:	
✱	147. Water Court Assessors	19
	DEPARTMENT OF JUSTICE:	
✱	160. Kaffir Beer Regulations: Transvaal Navigation Collieries and Estate Company, Limited	19
✱	173. Circuit Court: Springs	20
✱	174. Circuit Court: Vereeniging	20
	DEPARTMENT OF TRANSPORT:	
✱	148. Local Road Transportation Boards: Appointment of Members	20
	DEPARTMENT OF RAILWAYS AND HARBOURS:	
✱	150. Amendment of the Officers' Staff Regulations	21
✱	151. Amendment of the Employees' Staff Regulations	21
✱	152. Amendment of the Officers' Staff Regulations	22
✱	153. Amendment of the Employees' Staff Regulations	23

Goewermentskennisgewings (vervolg).

No. BLADSY

DEPARTEMENT VAN LANDBOU:

✱ 140. Minimum en Kwaliteitspryse vir Wyn (*B.S.* No. 4993).
✱ 141. Produsentepryse van Vleis en Neweprodukte in Beheerde Gebiede: Wysiging (*B.S.* No. 4993).

DEPARTEMENT VAN HANDEL EN NYWERHEID:

✱ 154. Raad van die Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde: Goedkeuring van Standaardmerke 23

DEPARTEMENT VAN BINNELANDSE SAKE:

✱ 161. Aanstootlike Literatuur: Lys No. 124 25
✱ 162. Aanstootlike Literatuur: Lys No. 125 25
✱ 163. Aansoek om Registrasie: Christian Brothers Colleges Old Boys' Union ... 26
✱ 187. Aansoek om Registrasie: Potchefstroom-Dorp Rugbyvoetbalklub 26
✱ 188. Aansoek om Registrasie: Afrikaanse Hoër Meisieskool, Pretoria 26
✱ 189. Beskerming van Name, Uniforms en Wapens Wet, 1935: Alluviale Staatsdelwerye Sportklub 27
✱ 190. Naamsverandering: Hynd na Middleton 27
✱ 191. Doeanewet, 1944: Aanstootlike Literatuur, Lys No. 122 27

DEPARTEMENT VAN ARBEID:

✱ 139. Meubelnywerheid, Unie van Suid-Afrika: Pensioenfondsooreenkoms (*B.S.* No. 4992).
✱ 155. Nywerheidsraad vir die Kleinhandelvleisbedryf (Witwatersrand): Wysigende Ooreenkoms 27
✱ 156. Nywerheidsraad vir die Kleinhandelvleisbedryf (Witwatersrand): Verbeteringskennisgewing 31
✱ 157. Nywerheidsraad vir die Motornywerheid: Hoofooreenkoms: Verbeteringskennisgewing 31

DEPARTEMENT VAN BOSBOU:

✱ 158. Demarkasie van Subreserwe (*c*), Lunsklip No. 374 32
✱ 176. Voorgenome Demarkasie van Subreserwe (*e*), Spionkop van Reserwe No. 1, Riversdal-bosreserwe, Distrik Riversdal, Kaapprovinsie 32

DEPARTEMENT VAN POS-EN-TELEGRAAFWESE:

✱ 192. Aanvullende Ooreenkoms ter Hersiening van Artikel II van die Ooreenkoms wat 'n Aanhangsel is van die Sluitingsoorkonde van die Statebond en die Verenigde State se Telekommunikasievergadering, Geteken in Londen op 12 Augustus, 1949: Verbeteringskennisgewing 33

DEPARTEMENT VAN NATURELLESAKE:

✱ 149. Uitsluiting van die Naturelledorp Umlazi van Sendingreservate 33
✱ 170. Verbeteringsgebied kragtens Proklamasie No. 116 van 1949: Distrik Glen Grey 33
✱ 177. Konsepproklamasie: Die Invoer van Vee in die Transkeigebied: Verdere Wysiging van Proklamasie No. 235 van 1926 34
✱ 178. Veebeperking op Trustplase en Vasstelling van Drakrag: Distrik Paulpietersburg 34
✱ 179. Veebeperking op Trustplase en Vasstelling van Drakrag: Distrik Ixopo 34
✱ 180. Veebeperking op Trustplase en Vasstelling van Drakrag: Distrik Richmond 34
✱ 182. Stigting van Lokasie en Naturelledorp: Stadsraad van Pretoria 35

DEPARTEMENT VAN MYNWESE:

119. Deproklamering as 'n Publieke Delwery: Sekere Gedeeltes van Palmietfontein No. 70 35
✱ 171. Aanstelling van Adjunk-staatsmyningenieur 35
✱ 172. Deproklamering as 'n Publieke Delwery: Sekere Gedeeltes van Elandsfontein No. 11 en Driefontein No. 12 36

(Vir vervolg sien tweede laaste bladsy.)

Government Notices (continued).

No. PAGE

DEPARTMENT OF AGRICULTURE:

✱ 140. Minimum and Quality Prices for Wine (*G.G.E.* No. 4993).
✱ 141. Producers' Prices for Meat and By-products in Controlled Areas: Amendment (*G.G.E.* No. 4993).

DEPARTMENT OF COMMERCE AND INDUSTRIES:

✱ 154. Council of the South African Bureau of Standards: Approval of Standardization Marks 23

DEPARTMENT OF INTERIOR:

✱ 161. Objectionable Literature: List No. 124 ... 25
✱ 162. Objectionable Literature: List No. 125 ... 25
✱ 163. Application for Registration: Christian Brothers Colleges Old Boys' Union ... 26
✱ 187. Application for Registration: "Potchefstroom-Dorp Rugbyvoetbalklub" 26
✱ 188. Application for Registration: "Afrikaanse Hoër Meisieskool, Pretoria" 26
✱ 189. Protection of Names, Uniforms and Badges Act, 1935: "Alluviale Staatsdelwerye Sportklub" 27
✱ 190. Change of Name: Hynd to Middleton ... 27
✱ 191. Customs Act, 1944: Objectionable Literature: List No. 122 27

DEPARTMENT OF LABOUR:

✱ 139. Furniture Industry, Union of South Africa: Pension Fund Agreement (*G.G.E.* No. 4992).
✱ 155. Industrial Council for the Retail Meat Trade, Witwatersrand: Amending Agreement 27
✱ 156. Industrial Council for the Retail Meat Trade, Witwatersrand: Correction Notice 31
✱ 157. Industrial Council for the Motor Industry: Main Agreement: Correction Notice 31

DEPARTMENT OF FORESTRY:

✱ 158. Demarcation of Sub-reserve (*c*), Lunsklip No. 374 32
✱ 176. Proposed Demarcation of Sub-reserve (*e*), Spionkop of Reserve No. 1, Riversdale Forest Reserve, District of Riversdale, Cape Province 32

DEPARTMENT OF POSTS AND TELEGRAPHS:

✱ 192. Supplementary Agreement to Revise Article II of the Agreement Annexed to the Final Act of the Commonwealth-United States Telecommunications Meeting, Signed at London on 12th August, 1949: Correction Notice 33

DEPARTMENT OF NATIVE AFFAIRS:

✱ 149. Excision of Umlazi Native Township from the Mission Reserves 33
✱ 170. Betterment Area under Proclamation No. 116 of 1949: Glen Grey District 33
✱ 177. Draft Proclamation: Introduction of Stock into the Transkeian Territories: Further Amendment of Proclamation No. 235 of 1926 34
✱ 178. Stock Limitation on Trust Farms and Assessment of Carrying Capacity: District of Paulpietersburg 34
✱ 179. Stock Limitation on Trust Farms and Assessment of Carrying Capacity: Ixopo District 34
✱ 180. Stock Limitation on Trust Farms and Assessment of Carrying Capacity: Richmond District 34
✱ 182. Establishment of Location and Native Village: City Council of Pretoria 35

DEPARTMENT OF MINES:

119. Deproclamation as a Public Digging: Certain Portions of Palmietfontein No. 70 35
✱ 171. Appointment of Acting Government Mining Engineer 35
✱ 172. Deproclamation as a Public Digging: Certain Portions of Elandsfontein No. 11 and Driefontein No. 12 36

(Continued on inside back cover.)

PROKLAMASIES

VAN SY EKSELLENSIE DIE EDELE ERNEST GEORGE JANSEN, DOKTOR IN DIE REGTE, GOEWERNEUR-GENERAAL VAN DIE UNIE VAN SUID-AFRIKA.

✱ No. 5, 1953.]

GEPROKLAMEERDE GEBIED VAN VILJOENSDRIF-COALBROOK.

Kragtens die bevoegdheid my verleen by subartikel (1) van artikel *drie-en-twintig* van die Naturelle (Stadsgebiede) Konsolidasiewet, 1945 (Wet No. 25 van 1945), soos gewysig, verklaar ek hierby dat, met ingang van die eerste dag van die maand wat volg op die maand waarin afkondiging hiervan geskied, die omskrywing van die geproklameerde gebied van Viljoensdrif-Coalbrook, soos vervat in deel I van die Bylae van Proklamasie No. 90 van 1927, soos gewysig, ingetrek en vervang word deur die omskrywing wat in die Bylae hiervan vervat word.

GOD BEHOEDE DIE KONINGIN.

Gegee onder my Hand en Grootseël te Kaapstad, op hede die Twee-en-twintigste dag van Desember Eenduisend Negehonderd Twee-en-vyftig.

E. G. JANSEN,
Goewerneur-generaal.

Op las van Sy Eksellensie die
Goewerneur-generaal-in-rade.

H. F. VERWOERD.

BYLAE.

1. DIE GEPROKLAMEERDE GEBIED VAN VILJOENSDRIF-COALBROOK.

Die gebied wat bestaan uit die plase Bankfontein No. 9, Rietfontein No. 150, Rietfontein No. 152, Taaiboschspruit No. 205, Maccaw Vlei No. 121 en Molensteenpan No. 129, in die magistraatsdistrik Heilbron.

✱ No. 6, 1953.]

NATURELLE-VERTEENWOORDIGINGSWET, 1936 (WET No. 12 VAN 1936), SOOS GEWYSIG.

VERKIESING VAN SENATOR.—KIESGEBIED VAN DIE PROVINSIE NATAL.

Nademaal die setel van 'n Senator wat, ingevolge die Naturelle-verteenwoordigingswet, 1936 (Wet No. 12 van 1936), vir die kiesgebied van die Provinsie Natal, verkies is, oopgeval het voor verstryking van die tydperk waarvoor hy verkies is;

En nademaal dit, ingevolge die bepalings van artikel *een-en-dertig* gelees met artikel *dertig* van genoemde Wet, nodig is om—

(*a*) die dag waarop of waarvoor die nominasie deur 'n stemeenheid van voormelde kiesgebied van 'n kandidaat vir verkiesing as Senator in die plek en vir die onvoltooide dienstermyn van die Senator wie se setel oopgeval het, ingedien moet word; en

(*b*) die dag waarop, indien 'n stemming nodig word, die stemming gehou moet word,

vas te stel;

So is dit dat ek, kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel *een-en-dertig*, gelees met artikel *dertig* van genoemde Wet, as volg verklaar:—

(1) Dat Woensdag, die agste April 1953, die dag is waarop of waarvoor 'n nominasie soos voormeld, ingedien moet word;

(2) dat, indien 'n stemming nodig word omdat meer as een kandidaat behoorlik vir verkiesing tot Senator vir genoemde kiesgebied genomineer is, die stemming op Woensdag, die vier-en-twintigste Junie 1953, moet plaasvind; en verder

PROCLAMATIONS

BY HIS EXCELLENCY THE HONOURABLE ERNEST GEORGE JANSEN, DOCTOR OF LAWS, GOVERNOR-GENERAL OF THE UNION OF SOUTH AFRICA.

✱ No. 5, 1953.]

PROCLAIMED AREA OF VILJOENSDRIFT-COALBROOK.

Under and by virtue of the powers vested in me by subsection (1) of section *twenty-three* of the Natives (Urban Areas) Consolidation Act, 1945 (Act No. 25 of 1945), as amended, I hereby declare that with effect from the first day of the month following the month during which publication hereof takes place, the definition of the proclaimed area of Viljoensdrift-Coalbrook, contained in Part I of the Schedule to Proclamation No. 90 of 1927, as amended, shall be withdrawn and the definition contained in the Schedule hereto substituted therefor.

GOD SAVE THE QUEEN.

Given under my Hand and Great Seal at Cape Town on this Twenty-second day of December, One thousand Nine hundred and Fifty-two.

E. G. JANSEN,
Governor-General.

By Command of His Excellency the
Governor-General-in-Council.

H. F. VERWOERD.

SCHEDULE.

1. THE PROCLAIMED AREA OF VILJOENSDRIFT-COALBROOK.

The area comprising the farms Bankfontein No. 9, Rietfontein No. 150, Rietfontein No. 152, Taaiboschspruit No. 205, Maccaw Vlei No. 121 and Molensteenpan No. 129, in the Magisterial District of Heilbron.

✱ No. 6, 1953.]

REPRESENTATION OF NATIVES ACT, 1936 (ACT No. 12 OF 1936), AS AMENDED.

ELECTION OF SENATOR.—ELECTORAL AREA OF THE PROVINCE OF NATAL.

Whereas the seat of a Senator elected in terms of the Representations of Natives Act, 1936 (Act No. 12 of 1936), for the electoral area of the Province of Natal has become vacant before the expiry of the period for which he was elected;

And whereas it is necessary under the provisions of section *thirty-one* read with section *thirty* of the said Act to fix—

(*a*) the day upon or before which the nomination by any voting unit of the aforementioned electoral area of a candiate for election as a Senator in the place and for the uncompleted period of office of the Senator whose seat has become vacant, shall be lodged; and

(*b*) the day upon which, if a poll becomes necessary, the poll shall take place;

Now, therefore, under and by virtue of the powers and authorities vested in me by section *thirty-one* read with section *thirty* of the said Act, I do hereby declare as follows:—

(1) That Wednesday the eighth of April, 1953, shall be the day upon or before which any such nomination as aforesaid shall be lodged;

(2) that if a poll becomes necessary for the reason that more than one candidate has been duly nominated for election as a Senator for the said electoral area, the poll shall take place on Wednesday the twenty-fourth of June, 1953; and further,

(3) dat die Hoofnaturellekommissaris van Natal te Pietermaritzburg of enigeen wat behoorlik in sy plek waarneem, by genoemde verkiesing die kiesbeampte is en hierby as sodanig aangestel word.

GOD BEHOEDE DIE KONINGIN.

Gegee onder my Hand en Grootseël te Kaapstad, op hede die Tiende dag van Januarie Eenduisend Negehonderd Drie-en-vyftig.

E. G. JANSEN,
Goewerneur-generaal.

Op las van Sy Eksellensie die
Goewerneur-generaal-in-rade.

H. F. VERWOERD.

✱ No. 7, 1953.]

Nademaal dit dienstig is om 'n sekere gedeelte van die plaas Turffontein No. 19, distrik Johannesburg, myndistrik Johannesburg, Provinsie Transvaal, 217.4950 morg groot, op naam van Robinson Deep, Limited, en andere, geregistreer, en soos aangetoon op 'n kaart wat op 15 Oktober 1952 onder S.G. No. A. 5428/52 deur die Landmeter-generaal goedgekeur is, ooreenkomstig Hoofstuk IV van die Precious and Base Metals Act, 1908 (Wet No. 35 van 1908 van Transvaal), tot 'n publieke delwery vir edele metale te proklameer;

En nademaal 'n kennisgewing van die voorneme om, soos voormeld, gemelde gedeelte van gemelde plaas tot 'n publieke delwery vir edele metale te proklameer, ooreenkomstig subartikel (3) van artikel *ses-en-twintig* van gemelde Wet gepubliseer is;

So is dit dat ek, kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel *ses-en-twintig* van die Precious and Base Metals Act, 1908 (Wet No. 35 van 1908 van Transvaal), hierby verklaar dat gemelde gedeelte van gemelde plaas Turffontein No. 19, distrik Johannesburg, myndistrik Johannesburg, Provinsie Transvaal, 217.4950 morg groot, soos omskryf op gemelde kaart, waarvan afdrukke in die Mynbriewekantoor, Johannesburg, en in die kantoor van die Mynkommissaris, Johannesburg, onder R.M.T. No. 1987 bewaar word, met ingang van die een-en-dertigste dag na die datum van publikasie van hierdie proklamasie in die *Staatskoerant* 'n publieke delwery vir edele metale is;

En verder verklaar ek hierby dat geen gedeelte van gemelde gedeelte van die plaas Turffontein No. 19 wat aldus geproklameer word, vir die afpenning van kleims deur die publiek ooreenkomstig die bepalings van Hoofstuk V van die Precious and Base Metals Act, 1908 (Wet No. 35 van 1908 van Transvaal), oop is nie.

GOD BEHOEDE DIE KONINGIN.

Gegee onder my Hand en Grootseël te Kaapstad, op hede die Sesde dag van Januarie Eenduisend Negehonderd Drie-en-vyftig.

E. G. JANSEN,
Goewerneur-generaal.

Op las van Sy Eksellensie die
Goewerneur-generaal-in-rade.

J. H. VILJOEN.
M.M. 35/253.

GOEWERMENTSKENNISGEWINGS.

Onderstaande Goewermentskennisgewings word vir algemene inligting gepubliseer:—

KANTOOR VAN DIE EERSTE MINISTER EN DEPARTEMENT VAN BUITELANDSE SAKE.

✱ No. 183.] [23 Januarie 1953.

Met verwysing na Goewermentskennisgewing No. 1106 van 11 Mei 1951 word hierby bekendgemaak dat die registrasie van ondergenoemde persone, ingevolge artikel

(3) that the Chief Native Commissioner of Natal at Pietermaritzburg, or any person duly acting in his stead, shall be and is hereby appointed to be the returning officer at the said election.

GOD SAVE THE QUEEN.

Given under my Hand and Great Seal at Cape Town on this Tenth day of January, One thousand Nine hundred and Fifty-three.

E. G. JANSEN,
Governor-General.

By Command of His Excellency the
Governor-General-in-Council.

H. F. VERWOERD.

✱ No. 7, 1953.]

Whereas it is expedient to proclaim as a public digging for precious metals, under Chapter IV of the Precious and Base Metals Act, 1908 (Act No. 35 of 1908 of the Transvaal), a certain portion of the farm Turffontein No. 19, District Johannesburg, Mining District of Johannesburg, Transvaal Province, in extent 217.4950 morgen, registered in the name of Robinson Deep, Limited, and others, and as defined by a diagram approved by the Surveyor-General on the 15th October, 1952, under S.G. No. A. 5428/52;

And whereas notice of intention to proclaim the said portion of the said farm as a public digging for precious metals, as aforesaid, has been published in accordance with sub-section (3) of section *twenty-six* of the said Act;

Now, therefore, under and by virtue of the powers vested in me by section *twenty-six* of the Precious and Base Metals Act, 1908 (Act No. 35 of 1908 of the Transvaal), I do hereby declare that the said portion of the said farm Turffontein No. 19, District Johannesburg, Mining District of Johannesburg, Transvaal Province, in extent 217.4950 morgen as defined by the diagram aforesaid, copies whereof are filed in the Mining Titles Office, Johannesburg, and in the office of the Mining Commissioner, Johannesburg, under R.M.T. No. 1987, shall be a public digging for precious metals on and after the thirty-first day after the date of the publication of this Proclamation in the *Government Gazette;*

And I do hereby further declare that no portion of the said portion of the farm Turffontein No. 19, thus proclaimed, shall be open to the public for the pegging of claims in accordance with the provisions of Chapter V of the Precious and Base Metals Act, 1908 (Act No. 35 of 1908 of the Transvaal).

GOD SAVE THE QUEEN.

Given under my Hand and Great Seal at Cape Town on this Sixth day of January, One thousand Nine hundred and Fifty-three.

E. G. JANSEN,
Governor-General.

By Command of His Excellency the
Governor-General-in-Council.

J. H. VILJOEN.
M.M. 35/253.

GOVERNMENT NOTICES.

The following Government Notices are published for general information:—

OFFICE OF THE PRIME MINISTER AND DEPARTMENT OF EXTERNAL AFFAIRS.

✱ No. 183.] [23 January 1953.

With reference to Government Notice No. 1106 of the 11th May, 1951, it is hereby notified that the registration in terms of section *four* of the Diplomatic Privileges Act,

vier van die Wet op Diplomatieke Voorregte, No. 71 van 1951, as geregtig tot diplomatieke immuniteit kragtens genoemde Wet, ingetrek is:—

Gesantskap van Chile.
Mnr. Leon Subercaseaux.
Mev. Paz Larrain Subercaseaux.

✱ No. 184.] [23 Januarie 1953.

Met verwysing na Goewermentskennisgewing No. 2655 van 19 Oktober 1951 word hierby bekendgemaak dat die heer Chou Yun-ting vanaf 5 Januarie 1953 nie meer as Vise-konsul van die Republiek China optree nie.

✱ No. 200.] [23 Januarie 1953.

VREDESVERDRAG MET JAPAN.

Nademaal die Geallieerde Moondhede en Japan besluit het dat hul betrekkinge voortaan dié sal wees van volke wat, as soewereine gelykes, in vriendskaplike verkeer saamwerk ter bevordering van hul gemeenskaplike welvaart en om die internasionale vrede en veiligheid te handhaaf en hulle derhalwe begerig is om 'n vredesverdrag te sluit ter beslegting van kwessies wat weens die bestaan van 'n staat van oorlog tussen hulle nog onafgehandel is;

Nademaal Japan van sy kant sy voorneme te kenne gee om om lidmaatskap van die Verenigde Nasies aansoek te doen en in alle omstandighede volgens die beginsels van die Handves van die Verenigde Nasies te handel; om die verwesenliking van die doelstellings van die Universele Deklarasie van Menseregte na te streef; om te trag om in Japan toestande van bestendigheid en welsyn te skep soos in artikels 55 en 56 van die Handves van die Verenigde Nasies omskryf en waarmee reeds in Japan na sy oorgawe deur middel van wetgewing 'n begin gemaak is; en om hom in die openbare en privaathandel en kommersiële aangeleenthede aan die internasionaal aanvaarde billike gebruike te hou;

Nademaal die Geallieerde Moondhede die voornemens van Japan, soos in die voorafgaande paragraaf uiteengesit, verwelkom;

Het die Geallieerde Moondhede en Japan derhalwe besluit om hierdie Vredesverdrag te sluit, en het hulle derhalwe die ondergetekende gevolgmagtigdes aangestel wat, na voorlegging van hul volmagte, wat geldig en goed bevind is, oor die volgende bepalings ooreengekom het:

HOOFSTUK I.—VREDE.

ARTIKEL 1.

(*a*) Die staat van oorlog tussen Japan en elk van die Geallieerde Moondhede word beëindig met ingang van die datum waarop hierdie Verdrag van krag word tussen Japan en die betrokke Geallieerde Moondhede soos in artikel 23 bepaal.

(*b*) Die Geallieerde Moondhede erken die volkome soewereiniteit van die Japanse volk oor Japan en sy territoriale waters.

HOOFSTUK II.—GEBIEDE.

ARTIKEL 2.

(*a*) Japan erken die onafhanklikheid van Korea en doen afstand van alle reg, titel en aanspraak op Korea, met inbegrip van die eilande Quelpart, Port Hamilton en Dagelet.

(*b*) Japan doen afstand van alle reg, titel en aanspraak op Formosa en die Pescadores.

(*c*) Japan doen afstand van alle reg, titel en aanspraak op die Kurile-eilande en op die gedeelte van Sakhalin en die eilande daarteenoor geleë waaroor Japan ingevolge die Verdrag van Portsmouth van 5 September 1905 soewereiniteit verkry het.

(*d*) Japan doen afstand van alle reg, titel en aanspraak in verband met die Volkebond se mandaatstelsel, en berus in die optrede van die Veiligheidsraad van die Verenigde Nasies van 2 April 1947, waarby die trusteeskapstelsel oor die eilande van die Stille Oseaan wat voorheen 'n Japanse mandaatgebied was, uitgebrei is.

No. 71 of 1951, of the following persons as being entitled to diplomatic immunity under the said Act, has been cancelled:—

Legation of Chile.
Mr. Leon Subercaseaux.
Mrs. Paz Larrain Subercaseaux.

✱ No. 184.] [23 January 1953.

With reference to Government Notice No. 2655 of the 19th October, 1951, it is hereby notified that, with effect from 5th January, 1953, Mr. Chou Yun-ting ceased to act as Vice-Consul of the Republic of China at Johannesburg.

✱ No. 200.] [23 January 1953.

TREATY OF PEACE WITH JAPAN.

Whereas the Allied Powers and Japan are resolved that henceforth their relations shall be those of nations which, as sovereign equals, co-operate in friendly association to promote their common welfare and to maintain international peace and security, and are therefore desirous of concluding a Treaty of Peace which will settle questions still outstanding as a result of the existence of a state of war between them;

Whereas Japan for its part declares its intention to apply for membership in the United Nations and in all circumstances to conform to the principles of the Charter of the United Nations; to strive to realize the objectives of the Universal Declaration of Human Rights; to seek to create within Japan conditions of stability and well-being as defined in Articles 55 and 56 of the Charter of the United Nations and already initiated by post-surrender Japanese legislation; and in public and private trade and commerce to conform to internationally accepted fair practices;

Whereas the Allied Powers welcome the intentions of Japan set out in the foregoing paragraph;

The Allied Powers and Japan have therefore determined to conclude the present Treaty of Peace, and have accordingly appointed the undersigned plenipotentiaries, who, after presentation of their full powers, found in good and due form, have agreed on the following provisions:—

CHAPTER I.—PEACE.

ARTICLE 1.

(*a*) The state of war between Japan and each of the Allied Powers is terminated as from the date on which the present Treaty comes into force between Japan and the Allied Power concerned, as provided for in Article 23.

(*b*) The Allied Powers recognize the full sovereignty of the Japanese people over Japan and its territorial waters.

CHAPTER II.—TERRITORY.

ARTICLE 2.

(*a*) Japan, recognizing the independence of Korea, renounces all right, title and claim to Korea, including the islands of Quelpart, Port Hamilton and Dagelet.

(*b*) Japan renounces all right, title and claim to Formosa and the Pescadores.

(*c*) Japan renounces all right, title and claim to the Kurile Islands, and to that portion of Sakhalin and the islands adjacent to it over which Japan acquired sovereignty as a consequence of the Treaty of Portsmouth of September 5, 1905.

(*d*) Japan renounces all right, title and claim in connection with the League of Nations Mandate System, and accepts the action of the United Nations Security Council of April 2, 1947, extending the trusteeship system to the Pacific Islands formerly under mandate to Japan.

(*e*) Japan doen afstand van alle aanspraak of enige reg of titel op, of belang by enige gedeelte van die Suidelike Ysseegebied, hetsy die ontstaan uit die bedrywighede van Japanse staatsburgers of andersins.

(*f*) Japan doen afstand van alle reg, titel en aanspraak op die Spratly-eilande en op die Paracel-eilande.

ARTIKEL 3.

Japan sal instem met enige voorstel van die Verenigde State en die Verenigde Nasies om Nansei Shoto ten suide van die 29ste noorderbreedtegraad (met inbegrip van die Ryukyu-eilande en die Daito-eilande), Nanpo Shoto ten suide van Sofu Gan (met inbegrip van die Bonin-eilande, die eiland Rosario en die Vulkaaneilande), en Parece Vela en die Markus-eiland, onder sy trusteeskapstelsel te plaas met die Verenigde State as die enigste administraterende gesag. Totdat daar so 'n voorstel kom en bekragtigend daarvolgens opgetree word, het die Verenigde State die reg om alle en enige bevoegdhede in sake administrasie, wetgewing en regspraak oor die gebiede en bewoners van hierdie eilande, met inbegrip van hul territoriale waters, uit te oefen.

ARTIKEL 4.

(*a*) Onderworpe aan die bepalings van paragraaf (*b*) van hierdie artikel, sal die beskikking oor eiendom van Japan en van sy onderdane in die gebiede wat in artikel 2 genoem word, en hul eise, insluitende skulde, teenoor die owerhede wat genoemde gebiede en die inwoners daarvan (met inbegrip van regspersone) tans administreer, en die beskikking in Japan oor eiendom van sodanige owerhede en inwoners en van eise, insluitende skulde, van sodanige owerhede en inwoners teenoor Japan en sy onderdane, die onderwerp van besondere reëlings tussen Japan en sodanige owerhede wees. Die eiendom van enigeen van die Geallieerde Moondhede of sy onderdane in die gebiede wat in artikel 2 genoem word, moet, vir sover dit nog nie gedoen is nie, in die toestand waarin dit tans verkeer deur die administrerende gesag terugbesorg word. (Die uitdrukking „onderdane" sluit oral, waar dit in hierdie Verdrag gebruik word, regspersone in.)

(*b*) Japan erken die geldigheid van beskikkings oor eiendom van Japan en van Japanse staatsburgers deur of ingevolge voorskrifte van die Verenigde State se Militêre Bewind in enigeen van die gebiede wat in artikels 2 en 3 genoem word.

(*c*) Onderseekabels wat Japanse eiendom is en Japan verbind met gebiede wat ingevolge hierdie Verdrag aan Japanse beheer ontneem word, sal gelykop verdeel word, sodat Japan die Japanse eindpunt en die daaraan verbonde helfte van die kabel behou, en die ontnome gebied die res van die kabel met die daaraan verbonde eindpuntfasiliteite.

HOOFSTUK III.—VEILIGHEID.

ARTIKEL 5.

(*a*) Japan aanvaar die verpligtings wat in artikel 2 van die Handves van die Verenigde Nasies uiteengesit is, insonderheid die verpligtings—

(i) om sy internasionale geskille langs vreedsame weg op te los op so 'n wyse dat die internasionale vrede, veiligheid en regverdigheid nie in gevaar gestel word nie;

(ii) om hom in sy internasionale betrekkings te weerhou van bedreiging met, of die gebruik van geweld teen die territoriale onskendbaarheid of politieke onafhanklikheid van 'n staat of op enige ander manier wat onverenigbaar met die Doelstellings van die Verenigde Nasies is;

(iii) om aan die Verenigde Nasies alle bystand te verleen in enige optrede ooreenkomstig die Handves, en om hom te weerhou van hulpverlening aan enige staat waarteen die Verenigde Nasies voorbehoedende stappe doen of stappe om sy gesag op so 'n staat af te dwing.

(*b*) Die Geallieerde Moondhede bevestig hul voorneme om in hul betrekkings met Japan gelei te word deur die beginsels van artikel 2 van die Handves van die Verenigde Nasies.

(*e*) Japan renounces all claim to any right or title to or interest in connection with any part of the Antartic area, whether deriving from the activities of Japanese nationals or otherwise.

(*f*) Japan renounces all right, title and claim to the Spratly Islands and to the Paracel Islands.

ARTICLE 3.

Japan will concur in any proposal of the United States to the United Nations to place under its trusteeship system, with the United States as the sole administering authority, Nansei Shoto south of 29 degrees north latitude (including the Ryukyu Islands and Daito Islands), Nanpo Shoto south of Sofu Gan (including the Bonin Islands, Rosario Island and the Volcano Islands) and Parece Vela and Marcus Island. Pending the making of such a proposal and affirmative action thereon, the United States will have the right to exercise all and any powers of administration, legislation and jurisdiction over the territory and inhabitants of these islands, including their territorial waters.

ARTICLE 4.

(*a*) Subject to the provisions of paragraph (*b*) of this Article, the disposition of property of Japan and of its nationals in the areas referred to in Article 2, and their claims, including debts, against the authorities presently administering such areas and the residents (including juridical persons) thereof, and the disposition in Japan of property of such authorities and residents, and of claims, including debts, of such authorities and residents against Japan and its nationals, shall be the subject of special arrangements between Japan and such authorities. The property of any of the Allied Powers or its nationals in the areas referred to in Article 2 shall, in so far as this has not already been done, be returned by the administering authority in the condition in which it now exists. The term nationals whenever used in the present Treaty includes juridical persons).

(*b*) Japan recognises the validity of dispositions of property of Japan and Japanese nationals made by or pursuant to directives of the United States Military Government in any of the areas referred to in Articles 2 and 3.

(*c*) Japanese owned submarine cables connecting Japan with territory removed from Japanese control pursuant to the present Treaty shall be equally divided, Japan retaining the Japanese terminal and the ajoining half of the cable, and the detached territory the remainder of the cable and connecting terminal facilities.

CHAPTER III.—SECURITY.

ARTICLE 5.

(*a*) Japan accepts the obligations set forth in Article 2 of the Charter of the United Nations, and in particular the obligations—

(i) to settle its international disputes by peaceful means in such a manner that international peace and security, and justice, are not endangered;

(ii) to refrain in its international relations from the threat or use of force against the territorial integrity or political independence of any State or in any other manner inconsistent with the purposes of the United Nations;

(iii) to give the United Nations every assistance in any action it takes in accordance with the Charter and to refrain from giving assistance to any State against which the United Nations may take preventive enforcement action.

(*b*) The Allied Powers confirm that they will be guided by the principles of Article 2 of the Charter of the United Nations in their relations with Japan.

(*c*) Die Geallieerde Moondhede erken van hul kant dat Japan, as 'n soewereine volk, die inherente reg van afsonderlike of gesamentlike selfverdediging besit wat in artikel 51 van die Handves van die Verenigde Nasies genoem word, en dat Japan vrywillig tot gesamentlike veiligheidsreëlings kan toetree.

ARTIKEL 6.

(*a*) Alle besettingsmagte van die Geallieerde Moondhede moet so spoedig moontlik na die inwerkingtreding van hierdie Verdrag uit Japan teruggetrek word, en in elkgeval nie later as 90 dae daarna nie. Hierdie bepaling belet egter nie die stasionering of agterhouding van buitelandse gewapende magte in Japanse gebied kragtens of ingevolge enige tweesydige of meersydige ooreenkomste wat tussen een of meer van die Geallieerde Moondhede aan die een kant, en Japan aan die ander kant, gemaak is of gemaak mag word nie.

(*b*) Die bepalings van artikel 9 van die Proklamasie van Potsdam van 26 Julie 1945, wat handel oor die terugstuur van Japanse militêre magte na hul tuistes, sal, sover nog nie voltooi nie, nagekom word.

(*c*) Alle Japanse eiendom waarvoor nog nie vergoeding betaal is nie, wat vir gebruik aan die besettingsmagte verskaf is en wat ten tye van die inwerkingtreding van hierdie Verdrag nog in besit van daardie magte is, moet binne die genoemde 90 dae aan die Regering van Japan terugbesorg word tensy ander reëlings by wyse van wedersydse oorenkoms getref word.

HOOFSTUK IV.—POLITIEKE EN EKONOMIESE BEPALINGS.

ARTIKEL 7.

(*a*) Elk van die Geallieerde Moondhede sal binne een jaar na die inwerkingtreding van hierdie Verdrag tussen hom en Japan, aan Japan kennis gee watter van sy vooroorlogse tweesydige verdrae of konvensies met Japan hy van krag wil laat bly of wil hervat, en elke sodanige verdrag of konvensie bly van krag of word hervat onderworpe slegs aan sulke wysigings as wat nodig mag wees om dit in ooreenstemming met hierdie Verdrag te bring. Die verdrae en konvensies aldus aangekondig, word geag na drie maande met ingang van die datum van aankondiging van krag te bly of hervat te wees, en word by die sekretariaat van die Verenigde Nasies geregistreer. Alle sodanige verdrae en konvensies waarvan Japan nie aldus in kennis gestel word nie, word as opgehef beskou.

(*b*) Enige kennisgewing kragtens paragraaf (*a*) van hierdie artikel kan enige gebied, vir die internasionale betrekkings, waarvan die Moondheid wat kennis gee, verantwoordelik is, van die werking of hernuwing van 'n verdrag of konvensie uitsluit tot drie maande na die datum van kennisgewing aan Japan dat so 'n uitsluiting ophou om van krag te wees.

ARTIKEL 8.

(*a*) Japan erken die volle geldigheid van alle verdrae nou of hierna deur die Geallieerde Moondhede gesluit, om 'n end te maak aan die staat van oorlog wat op 1 September 1939 begin het, sowel as enige ander reëlings deur die Geallieerde Moondhede vir of in verband met die herstel van die vrede getref. Japan aanvaar ook die reëlings wat getref is om die voormalige Volkebond en die Permanente Internasionale Geregshof af te skaf.

(*b*) Japan doen afstand van alle regte en belange wat hy mag verkry het deur ondertekenaar te wees van die Konvensies van St. Germain-en-Laye van 10 September 1919 en die „Straits"-ooreenkoms van Montreux van 20 Julie 1936 en artikel 16 van die Vredesverdrag met Turkye wat op 24 Julie 1923 te Lausanne onderteken is.

(*c*) Japan doen afstand van alle regte, titels en belange wat hy verkry het ingevolge, en word onthef van, alle verpligtings wat voortspruit uit, die Ooreenkoms tussen Duitsland en die Krediteurmoondhede van 20 Januarie 1930, en die aanhangsels daarvan, met inbegrip van die Trustooreenkoms van 17 Mei 1930, die Konvensie van 20 Januarie 1930 betreffende die Bank vir Internasionale Skikkings en die Statute van die Bank vir Internasionale Skikkings. Japan sal die Ministerie van Buitelandse Sake in Parys binne ses maande nadat hierdie Verdrag vir die

(*c*) The Allied Powers for their part recognize that Japan as a sovreign nation possesses the inherent right of individual or collective self-defence referred to in Article 51 of the Charter of the United Nations and that Japan may voluntarily enter into collective security arrangements.

ARTICLE 6.

(*a*) All occupation forces of the Allied Powers shall be withdrawn from Japan as soon as possible after the coming into force of the present Treaty, and in any case not later than 90 days thereafter. Nothing in this provision shall, however, prevent the stationing or retention of foreign armed forces in Japanese territory under or in consequence of any bilateral or multilateral agreements which have been or may be made between one or more of the Allied Powers, on the one hand, and Japan on the other.

(*b*) The provisions of Article 9 of the Potsdam Proclamation of July 26, 1945, dealing with the return of Japanese military forces to their homes, to the extent not already completed, will be carried out.

(*c*) All Japanese property for which compensation has not already been paid, which was supplied for the use of the occupation forces and which remains in the possession of those forces at the time of the coming into force of the present Treaty, shall be returned to the Japanese Government within the same 90 days unless other arrangements are made by mutual agreement.

CHAPTER IV.—POLITICAL AND ECONOMIC CLAUSES.

ARTICLE 7.

(*a*) Each of the Allied Powers, within one year after the present Treaty has come into force between it and Japan, will notify Japan which of its pre-war bilateral treaties or conventions with Japan it wishes to continue in force or revive, and any treaties or conventions so notified shall continue in force or be revived subject only to such amendments as may be necessary to ensure conformity with the present Treaty. The treaties and conventions so notified shall be considered as having been continued in force or revived three months after the date of notification and shall be registered with the Secretariat of the United Nations. All such treaties and conventions as to which Japan is not so notified shall be regarded as abrogated.

(*b*) Any notification made under paragraph (*a*) of this Article may except from the operation or revival of a treaty or convention any territory for the international relations of which the notifying Power is responsible, until three months after the date on which notice is given to Japan that such exception shall cease to apply.

ARTICLE 8.

(*a*) Japan will recognize the full force of all treaties now or hereafter concluded by the Allied Powers for terminating the state of war initiated on September 1, 1939, as well as any other arrangements by the Allied Powers for or in connection with the restoration of peace. Japan also accepts the arrangements made for terminating the former League of Nations and Permanent Court of International Justice.

(*b*) Japan renounces all such rights and interests as it may derive from being a signatory Power of the Conventions of St. Germain-en-Laye of September 10, 1919, and the Straits Agreement of Montreux of July 20, 1936, and from Article 16 of the Treaty of Peace with Turkey signed at Lausanna on July 24, 1923.

(*c*) Japan renounces all rights, title and interests acquired under, and is discharged from all obligations resulting from, the Agreement between Germany and the Creditor Powers of January 20, 1930, and its Annexes, including the Trust Agreement, dated May 17, 1930, the Convention of January 20, 1930, respecting the Bank for International Settlements, and the Statutes of the Bank for International Settlements. Japan will notify to the Ministry of Foreign Affairs in Paris within six months

eerste keer van krag geword het, daarvan in kennis stel dat hy afstand doen van die regte, titels en belange in hierdie paragraaf vermeld.

ARTIKEL 9.

Japan sal onmiddellik met die Geallieerde Magte wat daarom vra, onderhandelings aanknoop vir die aangaan van tweesydige en meersydige ooreenkomste wat voorsiening maak vir die regulering of beperking van visvangs en die bewaring en ontwikkeling van visserye op die oop see.

ARTIKEL 10.

Japan doen afstand van alle spesiale regte en belange in China met inbegrip van alle voordele en privilegies ingevolge die bepalings van die finale Protokol wat op 7 September 1901 in Peking onderteken is, en alle aanvullende aanhangsels, notas en stukke, en stem toe dat genoemde protokol, aanhangsels, notas en stukke ten opsigte van Japan ingetrek word.

ARTIKEL 11.

Japan aanvaar die uitsprake van die Internasionale Militêre Hof vir die Verre Ooste en van ander Geallieerde Howe vir Oorlogsmisdade, sowel binne as buite Japan, en sal die vonnisse wat hierdie howe opgelê het op Japanse burgers wat in Japan gevange gehou word, voltrek. Die bevoegdheid om aan sodanige gevangenes genade te verleen, hul vonnisse te versag of hulle op parool uit te laat, kan slegs op grond van 'n besluit van die Regering of Regerings wat in elke geval die vonnis opgelê het, en op aanbeveling van Japan uitgeoefen word. In die geval van persone wat deur die Internasionale Militêre Hof vir die Verre Ooste gevonnis is, kan dié bevoegdheid slegs uitgeoefen word as die meerderheid van die lande wat in die Hof verteenwoordig is, op aanbeveling van Japan daartoe besluit.

ARTIKEL 12.

(*a*) Japan verklaar hom bereid om onmiddellik onderhandelings aan te knoop om met elk van die Geallieerde Magte verdrae te sluit of ooreenkomste aan te gaan om hul handels-, seevaart- en ander kommersiële betrekkinge op 'n hegte en vriendskaplike grondslag te plaas.

(*b*) Japan sal, in afwagting van die aangaan van die betrokke verdrag of ooreenkoms, gedurende 'n tydperk van vier jaar met ingang van die datum waarop hierdie Verdrag vir die eerste keer van krag word,

(1) aan elk van die Geallieerde Magte, hul onderdane, produkte en skepe—

(i) behandeling van meesbegunstigde nasie toestaan ten opsigte van doeanetariewe, heffings, beperkings en ander regulasies oor of in verband met die invoer en uitvoer van goedere;

(ii) nasionale behandeling toestaan ten opsigte van skeepvaart, seevaart en ingevoerde goedere en ten opsigte van natuurlike en regspersone en hul belange—hierdie behandeling sal insluit alle sake rakende die heffing en insameling van belastings, toegang tot die howe, die sluit en nakoming van kontrakte, regte op eiendom (tasbaar en ontasbaar), deelname aan regsentiteite in die lewe geroep kragtens Japanse wette, en in die algemeen die dryf van alle soorte besigheid en alle beroepsbedrywighede;

(2) Sorg dat die buitelandse aankope en verkope van Japanse staatshandelsondernemings slegs op handelsoorwegings gebaseer is.

(*c*) Japan moet egter ten opsigte van alle sake slegs nasionale behandeling of behandeling van mees begunstigde nasie aan 'n Geallieerde Moondheid toestaan in die mate waarin die betrokke Geallieerde Moondheid aan Japan nasionale behandeling of behandeling van meesbegunstigde nasie toestaan, na gelang van die geval, ten opsigte van dieselfde aangeleentheid. Die wederkerigheid wat in bostaande sin beoog word, word in die geval van produkte, skepe en regsentiteite van en persone gedomisilieer in 'n nie-hoofstedelike gebied van 'n Geallieerde Moondheid, en in die geval van regsentiteite van en persone gedomisilieer in 'n staat of provinsie van 'n Geallieerde Moondheid wat 'n federale regeringstelsel het, bepaal oorenkomstig die behandeling wat so 'n gebied, staat of provinsie Japan bied.

of the first coming into force of the present Treaty its renunciation of the rights, title and interests referred to in this paragraph.

ARTICLE 9.

Japan will enter promptly into negotiations with the Allied Powers so desiring for the conclusion of bilateral and multilateral agreements providing for the regulation or limitation of fishing and the conservation and development of fisheries on the high seas.

ARTICLE 10.

Japan renounces all special rights and interests in China, including all benefits and privileges resulting from the provisions of the final Protocol signed at Peking on September 7, 1901, and all annexes, notes and documents supplementary thereto, and agrees to the abrogation in respect to Japan of the said protocol, annexes, notes and documents.

ARTICLE 11.

Japan accepts the judgments of the International Military Tribunal for the Far East and of other Allied War Crimes Courts both within and outside Japan, and will carry out the sentences imposed thereby upon Japanese nationals imprisoned in Japan. The power to grant clemency, to reduce sentences and to parole with respect to such prisoners may not be exercised except on the decision of the Government or Governments which imposed the sentence in each instance, and on the recommendation of Japan. In the case of persons sentenced by the International Military Tribunal for the Far East, such power may not be exercised except on the decision of a majority of the Governments represented on the Tribunal, and on the recommendation of Japan.

ARTICLE 12.

(*a*) Japan declares its readiness promptly to enter into negotations for the conclusion with each of the Allied Powers of treaties or agreements to place their trading, maritime and other commercial relations on a stable and friendly basis.

(*b*) Pending the conclusion of the relevant treaty or agreement, Japan will, during a period of four years from the first coming into force of the present Treaty—

(1) accord to each of the Allied Powers, its nationals, products and vessels—

(i) most-favoured-nation treatment with respect to customs duties, charges, restrictions and other regulations on or in connection with the importation and exportation of goods;

(ii) national treatment with respect to shipping, navigation and imported goods, and with respect to natural and juridical persons and their interests—such treatment to include all matters pertaining to the levying and collection of taxes, access to the courts, the making and performance of contracts, rights to property (tangible and intangible), participation in juridical entities constituted under Japanese law, and generally the conduct of all kinds of business and professional activities;

(2) ensure that external purchases and sales of Japanese state trading enterprises shall be based solely on commercial considerations.

(*c*) In respect to any matter, however, Japan shall be abliged to accord to an Allied Power national treatment, or most-favoured-nation treatment, only to the extend that the Allied Power concerned accords Japan national treatment or most-favoured-nation treatment, as the case may be, in respect of the same matter. The reciprocity envisaged in the foregoing sentence shall be determined, in the case of products, vessels and juridical entities of, and persons domiciled in, any non-metropolitan territory of an Allied Power, and in the case of juridical entities of, and persons domiciled in, any state or province of an Allied Power having a federal government, by reference to the treatment accorded to Japan in such territory, state or province.

(*d*) By die toepassing van hierdie artikel word 'n diskriminerende maatreël nie geag afbreuk te doen aan die toestaan van nasionale behandeling of behandeling van meesbegunstigde nasie, na gelang van die geval, as so 'n maatreël gebaseer is op 'n uitsondering waarvoor gewoonlik in die handelsverdrae van die party wat dit toepas, voorsiening gemaak word, of op die noodsaaklikheid om daardie party se buitelandse finansiële posisie of betalingsbalans (behalwe ten opsigte van skeepvaart en navigasie) te beveilig, of op die noodsaaklikheid om sy essensiële veiligheidsbelange te handhaaf nie; met dien verstande dat so 'n maatreël in verhouding tot die omstandighede staan en nie arbitrêr en onbillik toegepas word nie.

(*e*) Japan se verpligtings ingevolge hierdie artikel word nie geraak deur die uitoefening van regte van Geallieerde Moondhede ingevolge artikel 14 van hierdie Verdrag nie; ook word die bepalings van hierdie artikel nie vertolk as sou hulle nie verpligtings wat Japan uit hoofde van artikel 15 van hierdie Verdrag aanvaar, beperk nie.

ARTIKEL 13.

(*a*) Japan sal op versoek van enigeen van die Geallieerde Moondhede onmiddellik met sodanige Moondheid of Moondhede onderhandelings aanknoop vir die aangaan van tweesydige en meersydige ooreenkomste betreffende internasionale burgerlugvervoer.

(*b*) Japan sal, in afwagting van die aangaan van sodanige ooreenkoms of ooreenkomste, gedurende 'n tydperk van vier jaar met ingang van die datum waarop hierdie Verdrag vir die eerste keer van krag word, so 'n Moondheid behandeling toestaan ten opsigte van lugverkeerregte en -privilegies wat nie minder gunstig is nie as dié wat sodanige Moondhede op die datum waarop hierdie Verdrag van krag word, geniet, en sal volkome gelyke geleenthede bied ten opsigte van die eksploitering en ontwikkeling van lugdienste.

(*c*) Japan sal, tot tyd en wyl hy toetree tot die Konvensie oor Internasionale Burgerlugvaart, ooreenkomstig artikel 93 daarvan, uitvoering gee aan die bepalings van dié Konvensie wat op die internasionale navigasie van lugvaartuie van toepassing is, en sal die standaarde, gebruike en prosedures handhaaf wat ooreenkomstig die voorwaardes van die Konvensie as aanhangsels daarby aangeneem is.

HOOFSTUK V.—EISE EN EIENDOM.

ARTIKEL 14.

(*a*) Daar word erken dat Japan aan die Geallieerde Moondhede skadeloosstelling moet betaal vir die skade en ontbering wat hy gedurende die oorlog veroorsaak het. Daar word nogtans ook erken dat Japan se bronne op die oomblik, indien hy 'n lewensvatbare ekonomie moet handhaaf, onvoldoende is om voorsiening te maak vir volle skadeloosstelling vir alle sodanige skade en ontbering en terselfdertyd sy ander verpligtings na te kom.

Daarom,

1. Sal Japan onmiddellik onderhandelings aanknoop met Geallieerde Moondhede wat dit verlang en wie se huidige gebiede deur Japanse troepe beset is en deur Japan beskadig is, met die oog daarop om dié lande te help vergoed vir die koste van die herstel van die skade wat aangerig is, deur die dienste van die Japanse volk beskikbaar te stel vir produksie-, bergings- en ander werk vir die betrokke Geallieerde Moondhede. Sodanige reëlings moet verhoed dat bykomende laste op ander Geallieerde Moondhede gelê word en wanneer daar om die verwerking van grondstowwe gevra word, moet die betrokke Geallieerde Moondhede hulle verskaf sodat daar, wat betref buitelandse valuta, geen las op Japan gelê word nie.

2. (I) Onderworpe aan die bepalings van subparagraaf (II) hieronder, het elk van die Geallieerde Moondhede die reg om alle eiendom, regte en belange—

(*a*) van Japan en Japanse onderdane;

(*b*) van persone wat namens of ten behoewe van Japan of Japanse onderdane optree; en

(*c*) van entiteite wat die eiendom of onder beheer is van Japan of Japanse onderdane;

(*d*) In the application of this Article, a discriminatory measure shall not be considered to derogate from the grant of national or most-favoured-nation treatment, as the case may be, if such measure is based on an exception customarily provided for in the commercial treaties of the party applying it, or on the need to safeguard that party's external financial position or balance of payments (except in respect to shipping and navigation), or on the need to maintain its essential security interests, and provided such measure is proportionate to the circumstances and not applied in an arbitrary or unreasonable manner.

(*e*) Japan's obligations under this Article shall not be affected by the exercise of any Allied rights under Article 14 of the present Treaty; nor shall the provisions of this Article be understood as limiting the undertakings assumed by Japan by virtue of Article 15 of the Treaty.

ARTICLE 13.

(*a*) Japan will enter into negotiations with any of the Allied Powers, promptly upon the request of such Power or Powers, for the conclusion of bilateral or multilateral agreements relating to international civil air transport.

(*b*) Pending the conclusion of such agreement or agreements, Japan will, during a period of four years from the first coming into force of the present Treaty, extend to such Power treatment not less favourable with respect to air-traffic rights and privileges than those exercised by any such Powers at the date of such coming into force, and will accord complete equality of opportunity in respect to the operation and developments of air services.

(*c*) Pending its becoming a party to the Convention on International Civil Aviation in accordance with Article 93 thereof, Japan will give effect to the provisions of that Convention applicable to the international navigation of aircraft, and will give effect to the standards, practices and procedures adopted as anexes to the Convention in accordance with the terms of the Convention.

CHAPTER V.—CLAIMS AND PROPERTY.

ARTICLE 14.

(*a*) It is recognized that Japan should pay reparations to the Allied Powers for the damage and suffering caused by it during the war. Nevertheless it is also recognized that the resources of Japan are not presently sufficient, if it is to maintain a viable economy, to make complete reparation for all such damage and suffering and at the same time meet its other obligations.

Therefore—

1. Japan will promptly enter into negotiations with Allied Powers so desiring, whose present territories were occupied by Japanese forces and damaged by Japan, with a view to assisting to compensate those countries for the cost of repairing the damage done, by making available the services of the Japanese people in production, salvaging and other work for the Allied Powers in question. Such arrangements shall avoid the imposition of additional liabilities on other Allied Powers, and, where the manufacturing of raw materials is called for, they shall be supplied by the Allied Powers in question, so as not to throw any foreign exchange burden upon Japan.

2. (I) Subject to the provisions of sub-paragraph (II) below, each of the Allied Powers shall have the right to seize, retain, liquidate or otherwise dispose of all property, rights and interests of—

(*a*) Japan and Japanese nationals;

(*b*) persons acting for or on behalf of Japan or Japanese nationals; or

(*c*) entities owned or controlled by Japan or Japanese nationals;

wat op die datum waarop hierdie Verdrag vir die eerste keer van krag word, aan sy regsmag onderworpe is, te konfiskeer, te behou, te likwideer of op 'n ander manier daaroor te beskik. Die eiendom, regte en belange vermeld in hierdie subparagraaf, sluit in dié wat nou bevries, oorgedra is aan of die eiendom of onder beheer is van die Geallieerde Moondhede se vyandseiendomowerhede en wat behoort het aan of gehou of bestuur is ten behoewe van enigeen van die persone of entiteite vermeld in (*a*), (*b*) of (*c*) hierbo op die tydstip toe sodanige bates onder die beheer van die owerhede gekom het.

(II) Die volgende bates word nie ingesluit by die reg in subparagraaf (I) hierbo vermeld nie:—

(i) Eiendom van Japanse natuurlike persone wat gedurende die oorlog met die toestemming van die betrokke Regering in die gebied van een van die Geallieerde Moondhede woonagtig was, uitgesonderd 'n gebied wat deur Japan beset is. Dit sluit nie in eiendom wat gedurende die oorlog aan beperkings onderworpe was en op die datum waarop hierdie Verdrag vir die eerste keer van krag geword het, nog nie van dié beperkings onthef is nie;

(ii) alle vaste eindom, meubels en vaste toebehore wat die eindom was van die Japanse Regering en vir diplomatieke of konsulêre doeleindes gebruik is, en alle persoonlike meubels en uitrusting en ander private eiendom wat nie van 'n beleggingsaard is nie en wat in normale omstandighede nodig was vir die vervulling van diplomatieke en konsulêre funksies en die eiendom was van Japanse diplomatieke en konsulêre personeel;

(iii) eiendom wat aan godsdienstige liggame of private liefdadigheidsinrigtings behoort het en uitsluitlik vir godsdienstige of liefdadigheidsdoeleindes gebruik is;

(iv) eiendom, regte en belange wat binne sy regsmag gekom het as gevolg van die hervatting van handels- en finansiële betrekkinge tussen die betrokke land en Japan na 2 September 1945, uitgesonderd dié wat voortgespruit het uit transaksies wat strydig is met die wette van die betrokke Geallieerde Moondheid;

(v) verpligtings van Japan of Japanse onderdane, enige regte en titels op, of belange in tasbare goedere in Japan, belange in ondernemings wat kragtens die wette van Japan georganiseer is of enige skriftelike bewyse daarvan; met dien verstande dat hierdie uitsondering slegs geld vir verpligtings van Japan en sy onderdane in die Japanse geldeenheid uitgedruk.

(III) Eiendom vermeld in uitsonderings (i) tot die end van (v) hierbo moet teruggegee word nadat redelike uitgawes vir die instandhouding en administrasie daarvan afgetrek is. As sodanige eiendom gelikwideer is, moet die opbrengs daarvan terugbetaal word.

(IV) Die reg om eiendom te konfiskeer, te behou, te likwideer of op 'n ander manier daaroor te beskik, soos bepaal in subparagraaf (I) hierbo, moet uitgeoefen word ooreenkomstig die wette van die betrokke Geallieerde Moondheid en die eienaar kan slegs aanspraak maak op dié regte wat laasgenoemde wette hom verleen.

(V) Die Geallieerde Moondhede stem in om met Japanse handelsmerke en eiendomsregte op letterkundige werke en kunswerke te handel op 'n grondslag wat vir Japan so gunstig is as wat toestande in elke land sal toelaat.

(*b*) Behalwe soos in hierdie Verdrag anders bepaal, doen die Geallieerde Moondhede afstand van alle eise om herstelbetalings van die kant van die Geallieerde Moondhede, ander eise van die Geallieerde Moondhede en hul onderdane wat voortspruit uit die optrede van Japan en sy onderdane in die loop van die oorlog, en eise van die Geallieerde Moondhede om regstreekse militêre besettingskoste.

which on the first coming into force of the present Treaty were subject to its jurisdiction. The property, rights and interests specified in this sub-paragraph shall include those now blocked, vested or in the possession or under the control of enemy property authorities of Allied Powers, which belonged to, or were held or managed on behalf of, any of the persons or entities mentioned in (*a*), (*b*) or (*c*) above at the time such assets came under the controls of such authorities.

(II) The following shall be excepted from the right specified in sub-paragraph (I) above:—

(i) Property of Japanese natural persons who during the war resided with the permission of the Government concerned in the territory of one of the Allied Powers, other than territory occupied by Japan, except property subjected to restrictions during the war and not releaesed from such restrictions as of the date of the first coming into force of the present Treaty;

(ii) all real property, furniture and fixtures owned by the Government of Japan and used for diplomatic or consular purposes, and all personal furniture and furnishings and other private property not of an investment nature which was normally necessary for the carrying out of diplomatic and consular functions, owned by Japanese diplomatic and consular personnel;

(iii) property belonging to religious bodies or private charitable institutions and used exclusively for religious or charitable purposes;

(iv) property, rights and interests which have come within its jurisdiction in consequence of the resumption of trade and financial relations subsequent to September 2, 1945, between the country concerned and Japan, except such as have resulted from transactions contrary to the laws of the Allied Power concerned;

(v) obligations of Japan or Japanese nationals, any right, title or interest in tangible property located in Japan, interests in enterprises organized under the laws of Japan, or any paper evidence thereof; provided that this exception shall only apply to obligations of Japan and its nationals expressed in Japanese currency.

(III) Property referred to in exceptions (i) through (v) above shall be returned subject to reasonable expenses for its preservation and administration. If any such property has been liquidated the proceeds shall be returned instead.

(IV) The right to seize, retain, liquidate or otherwise dispose of property as provided in sub-paragraph (I) above shall be exercised in accordance with the laws of the Allied Power concerned, and the owner shall have only such rights as may be given him by those laws.

(V) The Allied Powers agree to deal with Japanese trademarks and literary and artistic property rights on a basis as favourable to Japan as circumstances ruling in each country will permit.

(*b*) Except as otherwise provided in the present Treaty, the Allied Powers waive all reparations claims of the Allied Powers, other claims of the Allied Powers and their nationals arising out of any actions taken by Japan and its nationals in the course of the prosecution of the war, and claims of the Allied Powers for direct military costs of occupation.

ARTIKEL 15.

(*a*) As daar binne nege maande nadat hierdie Verdrag tussen Japan en die betrokke Geallieerde Moondheid van krag geword het, daarom aansoek gedoen word, sal Japan binne ses maande na die datum van so 'n aansoek die eiendom, hetsy tasbaar of ontasbaar, en alle regte en belange van enige aard in Japan van elk van die Geallieerde Moondhede en sy onderdane wat op enige tydstip tussen 7 Desember 1941 en 2 September 1945 in Japan geleë of van toepassing was, teruggee, tensy die eienaar daarvan dit openlik, sonder dwang of bedrog, van die hand gesit het. Sodanige eiendom moet vry van alle laste en heffings waaraan dit as gevolg van die oorlog onderworpe kon geword het, en sonder aftrekking van die koste van teruggawe daarvan, teruggegee word. As daar nie deur of ten behoewe van die eienaar of deur sy Regering binne die voorgeskrewe tydperk om die teruggawe van eiendom aansoek gedoen word nie, kan die Japanse Regering daarvoor beskik soos hy goed ag. In gevalle waar sodanige eiendom op 7 Desember 1941 in Japan was en nie teruggegee kan word nie of as gevolg van die oorlog beskadig is, moet skadeloosstelling betaal word ooreenkomstig voorwaardes wat nie minder gunstig is nie as dié waarvoor voorsiening gemaak word in die ontwerp van die „Allied Powers Property Compensation Law" wat die Japanse Kabinet op 13 Julie 1951 goedgekeur het.

(*b*) Ten opsigte van nywerheidseiendomsregte wat gedurende die oorlog benadeel is, sal Japan voortgaan om aan die Geallieerde Moondhede en hul onderdane voordele toe te staan wat nie minder is nie as dié wat tot dusver toegestaan is by Kabinetopdragte No. 309 wat op 1 September 1949 in werking getree het, No. 12 wat op 28 Januarie 1950 in werking getree het en No. 9 wat op 1 Februarie 1950 van krag geword het, almal soos tans gewysig; met dien verstande dat sodanige onderdane binne die daarin voorgeskrewe tydperke om sulke voordele aansoek gedoen het.

(*c*) (i) Japan erken dat die eiendomsregte op letterkundige werke en kunswerke wat op 6 Desember 1941 in Japan bestaan het ten opsigte van die gepubliseerde en ongepubliseerde werke van die Geallieerde Moondhede en hul onderdane, bly voortbestaan het sedert dié datum en erken die regte wat sedert dié datum in Japan ontstaan het of wat sou ontstaan het as dit nie vir die oorlog was nie, as gevolg van die geldigheid van konvensies en ooreenkomste waarby Japan op dié datum 'n party was, afgesien daarvan of sodanige konvensies of ooreenkomste by of sedert die uitbreek van die oorlog kragtens die siviele reg van Japan of kragtens dié van die betrokke Geallieerde Moondheid ongeldig geword het of opgeskort is.

(ii) Sonder dat dit vir die eienaar van die reg nodig is om aansoek te doen en sonder betaling van gelde of inagneming van enige ander formaliteite, word die tydperk van 7 Desember 1941 tot die inwerkingtreding van hierdie Verdrag tussen Japan en die betrokke Geallieerde Moondheid uitgesluit van die normale tydsduur van dié regte; dié tydperk, plus 'n bykomende ses maande, word ook uitgesluit van die tydperk waarbinne 'n letterkundige werk in Japans vertaal moet word ten einde vertaalregte in Japan te verkry.

ARTIKEL 16.

As uitdrukking van sy begeerte om die lede van die gewapende magte van die Geallieerde Moondhede te vergoed wat buitensporige ontbering moes verduur terwyl hulle krygsgevangenes van Japan was, sal Japan sy bates en dié van sy onderdane in lande wat tydens die oorlog neutraal was of met 'n Geallieerde Moondheid oorlog gevoer het, of, na sy keuse, die ekwivalent van sodanige bates, oordra aan die Internasionale Komitee van die Rooikruis, wat die bates moet likwideer en die fonds wat op dié wyse byeengebring word, onder geskikte nasionale agentskappe ten voordele van voormalige krygsgevangenes en hul gesinne moet verdeel op 'n grondslag wat hy as billik beskou. Die soorte bates wat in artikel 14 (*a*) 2 (II) (ii) tot die end van (v) van hierdie Verdrag beskryf is, word nie oorgedra nie en ook nie bates van Japanse natuurlike persone wat nie wanneer die Verdrag vir die eerste keer van krag word, in Japan woon nie. Ook word veronderstel dat die oor-

ARTICLE 15.

(*a*) Upon application made within nine months of the coming into force of the present Treaty between Japan and the Allied Power concerned, Japan will, within six months of the date of such application, return the property, tangible and intangible, and all rights or interests of any kind in Japan of each Allied Power and its nationals which was within Japan at any time between December 7, 1941, and September 2, 1945, unless the owner has freely disposed thereof without duress or fraud. Such property shall be returned free of all encumbrances and charges to which it may have become subject because of the war, and without any charges for its return. Property whose return is not applied for by or on behalf of the owner or by his Government within the prescribed period may be disposed of by the Japanese Government as it may determine. In cases where such property was within Japan on December 7, 1941, and cannot be returned or has suffered injury or damage as a result of the war, compensation will be made on terms not less favourable than the terms provided in the draft Allied Powers Property Compensation Law approved by the Japanese Cabinet on July 13, 1951.

(*b*) With respect to industrial property rights impaired during the war, Japan will continue to accord to the Allied Powers and their nationals benefits no less than those heretofore accorded by Cabinet Orders No. 309 effective September 1, 1949, No. 12 effective January 28, 1950, and No. 9 effective February 1, 1950, all as now amended, provided such nationals have applied for such benefits within the time limits prescribed therein.

(*c*) (i) Japan acknowledges that the literary and artistic property rights which existed in Japan on December 6, 1941, in respect to the published and unpublished works of the Allied Powers and their nationals have continued in force since that date, and recognizes those rights which have arisen, or but for the war would have arisen, in Japan since that date, by the operation of any conventions and agreements to which Japan was a party on that date, irrespective of whether or not such conventions or agreements were abrogated or suspended upon or since the outbreak of war by the domestic law of Japan or of the Allied Power concerned.

(ii) Without the need for application by the proprietor of the right and without the payment of any fee or compliance with any other formality, the period from December 7, 1941, until the coming into force of the present Treaty between Japan and the Allied Power concerned shall be excluded from the running of the normal term of such rights; and such period, with an additional period of six months, shall be excluded from the time within which a literary work must be translated into Japanese in order to obtain translating rights in Japan.

ARTICLE 16.

As an expression of its desire to indemnify those members of the armed forces of the Allied Powers who suffered undue hardships while prisoners of war of Japan, Japan will transfer its assets and those of its nationals in countries which were neutral during the war, or which were at war with any of the Allied Powers, or, at its option, the equivalent of such assets, to the International Committee of the Red Cross which shall liquidate such assets and distribute the resultant fund to appropriate national agencies, for the benefit of former prisoners of war and their families on such basis as it may determine to be equitable. The categories of assets described in Article 14 (*a*) 2 (II) (ii) through (v) of the present Treaty shall be excepted from transfer, as well as assets of Japanese natural persons not residents of Japan on the first coming into force of the

dragbepaling van hierdie artikel nie van toepassing is op die 19,770 aandele in die Bank vir Internasionale Skikkings wat tans in besit van die Japanse finansie-inrigtings is nie.

ARTIKEL 17.

(*a*) Op versoek van 'n Geallieerde Moondheid moet die Japanse Regering enige besluit of bevel van die Japanse Oorlogsbuithowe ooreenkomstig internasionale reg nasien en hersien in gevalle waarby besitregte van onderdane van daardie Geallieerde Moondheid betrokke is en afskrifte voorsien van alle stukke wat die verslae van hierdie sake bevat, met inbegrip van die besluite en die bevele. In enige geval waarin nasiening of hersiening toon dat teruggawe nodig is, word die bepalings van artikel 15 op die betrokke eiendom toegepas.

(*b*) Die Japanse Regering moet die nodige maatreëls tref om die onderdane van 'n Geallieerde Moondheid te eniger tyd binne 'n jaar na die inwerkingtreding van hierdie Verdrag tussen Japan en die betrokke Geallieerde Moondheid in staat te stel om aan die bevoegde Japanse owerhede enige uitspraak deur 'n Japanse hof tussen 7 Desember 1941 en die inwerkingtreding vir hersiening voor te lê in enige geding waarin so 'n onderdaan nie in staat was om sy saak, hetsy as eiser of as verweerder, behoorlik te stel nie. Die Japanse Regering moet sorg dat die onderdaan in gevalle waar hy vanweë so 'n uitspraak skade gely het, herstel word in sy posisie soos dit was voordat die uitspraak gegee is, of dat hy dié bystand sal ontvang wat in die omstandighede reg en billik sal wees.

ARTIKEL 18.

(*a*) Daar word erken dat die tussenkoms van die staat van oorlog nie die verpligting beïnvloed het om geldelike skuld te betaal wat ontstaan het uit verpligtings en kontrakte (met inbegrip van dié ten opsigte van verbintenisse) wat bestaan het en regte wat verkry is voordat die staat van oorlog bestaan het en deur die Regering of onderdane van Japan aan die Regering of onderdane van 'n Geallieerde Moondheid verskuldig is, of wat deur die Regering of onderdane van 'n Geallieerde Moondheid aan die Regering of onderdane van Japan verskuldig is nie. Daar word ook nie geag dat dié tussenkoms van die staat van oorlog die verpligting beïnvloed om eise weens verlies of beskadiging van eiendom of ten gevolge van persoonlike besering of dood voor die bestaan van die staat van oorlog na verdienste te oorweeg, wat deur die Regering van 'n Geallieerde Moondheid aan die Regering van Japan of deur die Regering van Japan aan die Regering van 'n Geallieerde Moondheid voorgelê of nogmaals voorgelê mag word nie. Die bepalings van hierdie paragraaf benadeel nie die regte wat kragtens artikel 14 verleen word nie.

(*b*) Japan bevestig sy verantwoordelikheid vir die vooroorlogse buitelandse skuld van die Japanse Staat en vir skulde van regspersone wat later tot skulde van die Japanse Staat verklaar is en wil die voorneme te kenne gee om spoedig met sy skuldeisers onderhandelings aan te knoop oor die hervatting van afbetalings op daardie skulde; om onderhandelings met betrekking tot ander vooroorlogse eise en verpligtings aan te moedig en om die oordrag van bedrae dienooreenkomstig te vergemaklik.

ARTIKEL 19.

(*a*) Japan doen afstand van al sy en sy onderdane se eise teen die Geallieerde Moondhede en hul onderdane ten gevolge van die oorlog of optrede vanweë die bestaan van 'n staat van oorlog en laat vaar alle eise wat voortspruit uit die teenwoordigheid, bedrywighede of optrede van magte of owerhede van enige van die Geallieerde Moondhede in Japanse gebied voor die inwerkingtreding van hierdie Verdrag.

(*b*) Voormelde afstand sluit in alle eise wat voortspruit uit optrede deur 'n Geallieerde Moondheid met betrekking tot Japanse skepe tussen 1 September 1939 en die inwerkingtreding van hierdie Verdrag en ook alle eise en skulde ten opsigte van Japanse krysgevangenes en burgerlike geïnterneerdes in die hande van die Geallieerde Moondhede, maar sluit nie Japanse eise in wat in die besonder in die wette van 'n Geallieerde Moondheid sedert 2 September 1945 erken is nie.

Treaty. It is equally understood that the transfer provision of this Article has no application to the 19,770 shares in the Bank for International Settlements presently owned by Japanese financial institutions.

ARTICLE 17.

(*a*) Upon the request of any of the Allied Powers, the Japanese Government shall review and revise in conformity with international law any decision or order of the Japanese Prize Courts in cases involving ownership rights of nationals of that Allied Power and shall supply copies of all documents comprising the records of these cases, including the decisions taken and orders issued. In any case in which such review or revision shows that restoration is due, the provisions of Article 15 shall apply to the property concerned.

(*b*) The Japanese Government shall take the necessary measures to enable nationals of any of the Allied Powers at any time within one year from the coming into force of the present Treaty between Japan and the Allied Power concerned to submit to the appropriate Japanese authorities for review any judgment given by a Japanese court between December 7, 1941, and such coming into force, in any proceedings in which any such national was unable to make adequate presentation of his case either as plaintiff or defendant. The Japanese Government shall provide that, where the national has suffered injury by reason of any such judgment, he shall be restored in the position in which he was before the judgment was given or shall be afforded such relief as may be just and equitable in the circumstances.

ARTICLE 18.

(*a*) It is recognized that the intervention of the state of war has not affected the obligation to pay pecuniary debts arising out of obligations and contracts (including those in respect of bonds) which existed and rights which were acquired before the existence of a state of war, and which are due by the Government or nationals of Japan to the Government or nationals of one of the Allied Powers, or are due by the Government or nationals of one of the Allied Powers to the Government or nationals of Japan. The intervention of a state of war shall equally not be regarded as affecting the obligation to consider on their merits claims for loss or damage to property or for personal injury or death which arose before the existence of a state of war, and which may be presented or re-presented by the Government of one of the Allied Powers to the Government of Japan, or by the Government of Japan to any of the Governments of the Allied Powers. The provisions of this paragraph are without prejudice to the rights conferred by Article 14.

(*b*) Japan affirms its liability for the pre-war eternal debt of the Japanese State and for debts of corporate bodies subsequently declared to be liabilities of the Japanese State and expresses its intention to enter into negotiations at an early date with its creditors with respect to the resumption of payments on those debts; to encourage negotiations in respect of other pre-war claims and obligations; and to facilitate the transfer of sums accordingly.

ARTICLE 19.

(*a*) Japan waives all claims of Japan and its nationals against the Allied Powers and their nationals arising out of the war or out of actions taken because of the existence of a state of war, and waives all claims arising from the presence, operations or actions of forces or authorities of any of the Allied Powers in Japanese territory prior to the coming into force of the present Treaty.

(*b*) The foregoing waiver includes any claims arising out of actions taken by any of the Allied Powers with respect to Japanese ships between September 1, 1939, and the coming into force of the present Treaty, as well as any claims and debts arising in respect to Japanese prisoners of war and civilian internees in the hands of the Allied Powers, but does not include Japanese claims specifically recognized in the laws of any Allied Power enacted since September 2, 1945.

(*c*) Die Japanse Regering laat ook—onderworpe aan wederkerige afstand—alle eise (met inbegrip van skulde) teen Duitsland en Duitse onderdane namens die Japanse Regering en Japanse onderdane vaar, met inbegrip van onderlinge eise tussen regerings en eise ten gevolge van verlies of skade tydens die oorlog, maar met uitsondering van (*a*) eise ten opsigte van kontrakte en regte wat voor 1 September 1939 gesluit en verwerf is, en (*b*) eise wat ontstaan het uit handels- en finansiële betrekkinge tussen Japan en Duitsland na 2 September 1945. Sodanige afstand benadeel nie optrede ooreenkomstig artikels 16 en 20 van hierdie Verdrag nie.

(*d*) Japan erken die geldigheid van alle optrede en versuim tydens die besettingsperiode ooreenkomstig of ten gevolge van voorskrifte van die besettingsowerhede of deur Japanse wette van toentertyd gemagtig, en sal geen stappe doen om Geallieerde burgers aan siviele of strafregtelike aanspreeklikheid ten gevolge van sodanige optrede of versuim te onderwerp nie.

ARTIKEL 20.

Japan sal die nodige maatreëls tref om die beskikking oor Duitse bates in Japan te waarborg soos bepaal is of kan word deur die Moondhede wat kragtens die Protokol van die verrigtings van die Berlyn-konferensie van 1945 daartoe geregtig is om oor daardie bates te beskik, en sal, in afwagting van die finale beskikking oor dié bates, vir die instandhouding en adminstrasie daarvan verantwoordelik wees.

ARTIKEL 21.

Ondanks die bepalings van artikel 25 van hierdie Verdrag, is China geregtig tot die voordele van artikels 10 en 14 (*a*) 2 en Korea tot die voordele van artikels 2, 4, 9 en 12 van hierdie Verdrag.

HOOFSTUK VI.—BYLEGGING VAN GESKILLE.

ARTIKEL 22.

Indien daar na die mening van 'n party by hierdie Verdrag 'n geskil ontstaan het betreffende die vertolking of toepassing van die Verdrag wat nie deur verwysing na 'n spesiale hof vir eise of op 'n ander afgesproke wyse bygelê is nie, moet die geskil op versoek van een van die partye vir beslissing na die Internasionale Geregshof verwys word. Japan en dié Geallieerde Moondhede wat nie reeds tot die Statuut van die Internasionale Geregshof toegetree het nie, sal wanneer hulle hierdie Verdrag bekragtig en ooreenkomstig die besluit van die Veiligheidsraad van die Verenigde Volke van 15 Oktober 1946, 'n algemene verklaring by die Griffier van die Hof indien waarin hulle die regsbevoegdheid van die Hof in die algemeen ten opsigte van alle geskille van die aard waarna in hierdie artikel verwys word, sonder spesiale ooreenkoms aanvaar.

HOOFSTUK VII.—FINALE BEPALINGS.

ARTIKEL 23.

(*a*) Hierdie Verdrag moet bekragtig word deur die State wat dit onderteken het, met inbegrip van Japan, en sal van krag word vir al die State wat dit dan bekragtig het wanneer die bekragtigingstukke ingedien is deur Japan en deur 'n meerderheid—met inbegrip van die Verenigde State van Amerika as die vernaamste besettingsmoondheid—van die volgende state, naamlik Australië, Kanada, Ceylon, Frankryk, Indonesië, die Nederlandse Koninkryk, Nieu-Seeland, Pakistan, die Filippynse Republiek, die Verenigde Koninkryk van Groot-Brittanje en Noord-Ierland en die Verenigde State van Amerika. Hierdie Verdrag sal vir elke staat wat dit daarna bekragtig van krag word op die datum waarop sy bekragtigingstuk ingedien word.

(*b*) Indien die Verdrag nie in werking getree het binne nege maande na die datum waarop Japan se bekragtiging daarvan ingedien is nie, kan 'n staat wat dit bekragtig het, die Verdrag tussen hom en Japan van krag maak deur binne drie jaar na die datum waarop Japan se bekragtiging ingedien is 'n kennisgewing met dié strekking aan die Regerings van Japan en die Verenigde State van Amerika te stuur.

(*c*) Subject to reciprocal renunciation, the Japanese Government also renounces all claims (including debts) against Germany and German nationals on behalf of the Japanese Government and Japanese nationals, including intergovernmental claims and claims for loss or damage sustained during the war, but excepting (*a*) claims in respect of contracts entered into and rights acquired before September 1, 1939, and (*b*) claims arising out of trade and financial relations between Japan and Germany after September 2, 1945. Such renunciation shall not prejudice actions taken in accordance with Articles 16 and 20 of the present Treaty.

(*d*) Japan recognizes the validity of all acts and omissions done during the period of occupation under or in consequence of directives of the occupation authorities or authorized by Japanese law at that time, and will take no action subjecting Allied nationals to civil or criminal liability arising out of such acts or omissions.

ARTICLE 20.

Japan will take all necessary measures to ensure such disposition of German assets in Japan as has been or may be determined by those powers entitled under the Protocol of the proceedings of the Berlin Conference of 1945 to dispose of those assets, and pending the final disposition of such assets will be responsible for the conservation and administration thereof.

ARTICLE 21.

Notwithstanding the provisions of Article 25 of the present Treaty, China shall be entitled to the benefits of Articles 10 and 14 (*a*) 2; and Korea to the benefits of Articles 2, 4, 9 and 12 of the present Treaty.

CHAPTER VI.—SETTLEMENT OF DISPUTES.

ARTICLE 22.

If in the opinion of any Party to the present Treaty there has arisen a dispute concerning the interpretation or execution of the Treaty, which is not settled by reference to a special claims tribunal or by other agreed means, the dispute shall, at the request of any party thereto, be referred for decision to the International Court of Justice. Japan and those Allied Powers which are not already parties to the Statute of the International Court of Justice will deposit with the Registrar of the Court, at the time of their respective ratifications of the present Treaty, and in conformity with the resolution of the United Nations Security Council, dated October 15, 1946, a general declaration accepting the jurisdiction, without special agreement of the Court generally in respect of all disputes of the character referred to in this Article.

CHAPTER VII.—FINAL CLAUSES.

ARTICLE 23.

(*a*) The present Treaty shall be ratified by the States which sign it, including Japan, and will come into force for all the States which have then ratified it, when instruments of ratification have been deposited by Japan and by a majority, including the United States of America as the principal occupying Power, of the following States, namely Australia, Canada, Ceylon, France, Indonesia, the Kingdom of the Netherlands, New Zealand, Pakistan, the Republic of the Philippines, the United Kingdom of Great Britain and Northern Ireland and the Unitetd States of America. The present Treaty shall come into force for each State which subsequently ratifies it, on the date of the deposit of its instrument of ratification.

(*b*) If the Treaty has not come into force within nine months after the date of the deposit of Japan's ratification, any State which has ratified it may bring the Treaty into force between itself and Japan by a notification to that effect given to the Governments of Japan and the United States of America not later than three years after the date of deposit of Japan's ratification.

ARTIKEL 24.

Al die bekragtigingstukke moet by die Regering van die Verenigde State ingedien word, wat al die ondertekenaarstate van elke indiening, van die datum waarop die Verdrag kragtens paragraaf (*a*) van artikel 23 van krag word en van kennisgewings kragtens paragraaf (*b*) van artikel 23, sal verwittig.

ARTIKEL 25.

Vir die doel van hierdie Verdrag is die Geallieerde Moondhede die state wat met Japan oorlog gevoer het, of 'n staat wat voorheen deel was van die gebied van 'n staat wat in artikel 23 genoem word; met dien verstande dat die betrokke staat in elke geval die verdrag onderteken en bekragtig het. Onderworpe aan die bepalings van artikel 21 word met hierdie Verdrag geen regte, titels of voordele aan 'n staat verleen wat nie soos hierin omskryf 'n Geallieerde Moondheid is nie; ook sal geen reg, titel of belang van Japan verminder of benadeel geag word deur 'n bepaling van die Verdrag ten gunste van 'n staat wat nie 'n Geallieerde Moondheid is soos omskryf is nie.

ARTIKEL 26.

Japan sal bereid wees om met 'n staat wat die Verenigde Volke se Deklarasie van 1 Januarie 1942 onderteken of hom daarby gehou het en met Japan oorlog voer, of met 'n staat wat voorheen deel was van die gebied van 'n staat wat in artikel 23 genoem is en nie hierdie Verdrag onderteken het nie, 'n tweesydige vredesverdrag op dieselfde of wesenlik dieselfde voorwaardes as dié van hierdie Verdrag te sluit, maar dié verpligting van Japan verval drie jaar na die inwerkingtreding van hierdie Verdrag. As Japan 'n skikking ten opsigte van vrede of oorlogseise met 'n staat tref en aan daardie staat groter voordele toeken as dié waarvoor in hierdie Verdrag voorsiening gemaak is, moet dieselfde voordele aan die ondertekenaars van hierdie Verdrag verleen word.

ARTIKEL 27.

Hierdie Verdrag word in die staatsargief van die Verenigde State van Amerika bewaar, wat aan elke ondertekenaarstaat 'n gewaarmerkte afskrif daarvan moet verskaf.

Ten bewyse waarvan die ondergetekende gevolmagtigdes hierdie Verdrag onderteken het.

Aldus gedoen op hede die agtste dag van September 1951 in die stad San Francisco in die Engelse, die Franse en die Spaanse taal, wat gelykwaardig is, en in die Japanse taal.

Namens Argentinië:
HIPOLITO J. PAZ.

Namens Australië:
PERCY C. SPENDER.

Namens die Belgiese Koninkryk:
PAUL VAN ZEELAND.
SILVERCRUYS.

Namens Bolivië:
LUIS GUACHALLA.

Namens Brasilië:
CARLOS MARTINS.
A. DE MELLO-FRANCO.

Namens Kambodja:
PHLENG.

Namens Kanada:
LESTER B. PEARSON.
R. W. MAYHEW.

Namens Ceylon:
J. R. JAYEWARDENE.
G. C. S. COREA.
R. G. SENANAYAKE.

Namens Chili:
F. NIETO DEL RIO.

Namens Colombië:
CIPRIANO RESTREPO JARAMILLO.
SEBASTIAN OSPINA.

ARTICLE 24.

All instruments of ratification shall be deposited with the Government of the United States of America which will notify all the signatory States of each such deposit, of the date of the coming into force of the Treaty under paragraph (*a*) of Article 23, and of any notifications made under paragraph (*b*) of Article 23.

ARTICLE 25.

For the purposes of the present Treaty the Allied Powers shall be the States at war with Japan, or any State which previously formed a part of the territory of a State named in Article 23, provided that in each case the State concerned has signed and ratified the Treaty. Subject to the provisions of Article 21, the present Treaty shall not confer any rights, titles or benefits on any State which is not an Allied Power as herein defined; nor shall any right, title or interest of Japan be deemed to be diminished or prejudiced by any provision of the Treaty in favour of a State which is not an Allied Power as so defined.

ARTICLE 26.

Japan will be prepared to conclude with any State which signed or adhered to the United Nations Declaration of January 1, 1942, and which is at war with Japan, or with any State which previously formed a part of the territory of a State named in Article 23, which is not a signatory of the present Treaty, a bilateral Treaty of Peace on the same or substantially the same terms as are provided for in the present Treaty, but this obligation on the part of Japan will expire three years after the first coming into force of the present Treaty. Should Japan make a peace settlement or war claims settlement with any State granting that State greater advantages than those provided by the present Treaty, those same advantages shall be extended to the parties to the present Treaty.

ARTICLE 27.

The present Treaty shall be deposited in the archives of the Government of the United States of America, which shall furnish each signatory State with a certified copy thereof.

In faith whereof the undersigned Plenipotentiaries have signed the present Treaty.

Done at the City of San Francisco this eighth day of September, 1951, in the English, French and Spanish languages, all being equally authentic, and in the Japanese language.

For Argentina:
HIPOLITO J. PAZ.

For Australia:
PERCY C. SPENDER.

For the Kingdom of Belgium:
PAUL VAN ZEELAND.
SILVERCRUYS.

For Bolivia:
LUIS GUACHALLA.

For Brazil:
CARLOS MARTINS.
A. DE MELLO-FRANCO.

For Cambodia:
PHLENG.

For Canada:
LESTER B. PEARSON.
R. W. MAYHEW.

For Ceylon:
J. R. JAYEWARDENE.
G. C. S. COREA.
R. G. SENANAYAKE.

For Chile:
F. NIETO DEL RIO.

For Colombia:
CIPRIANO RESTREPO JARAMILLO.
SEBASTIAN OSPINA.

Namens Costa Rica:
J. RAFAEL OREAMUNO.
V. VARGAS.
LUIS DOBLES SANCHEZ.

Namens Kuba:
O. GANS.
L. MACHADO.
JOAQUIN MEYER.

Namens die Dominikaanse Republiek:
V. ORDONEZ.
LUIS F. THOMEN.

Namens Ecuador:
A. QUEVEDO.
R. G. VALENZUELA.

Namens Egipte:
KAMIL A. RAHIM.

Namens El Salvador:
HECTOR DAVID CASTRO.
LUIS RIVAS PALACIOS.

Namens Etiopië:
MEN YAYEHIRAD.

Namens Frankryk:
SCHUMAN.
H. BONNET.
PAUL-EMILE NAGGIAR.

Namens Griekeland:
A. G. POLITIS.

Namens Guatemala:
E. CASTILLO A.
A. M. ORELLANA.
J. MENDOZA.

Namens Haiti:
JACQUES N. LEGER.
GUST LARAQUE.

Namens Honduras:
J. E. VALENZUELA.
ROBERTO GALVEZ B.
RAUL ALVARADO T.

Namens Indonesië:
AHMAD SUBARDJO.

Namens Iran:
A. G. ARDALAN.

Namens Irak:
A. I. BAKR.

Namens Laos:
SAVANG.

Namens Libanon:
CHARLES MALIK.

Namens Liberië:
GABRIEL L. DENNIS.
JAMES ANDERSON.
RAYMOND HORACE.
J. RUDOLPH GRIMES.

Namens die Groothertogdom Luxemburg:
HUGHES LE GALLAIS.

Namens Meksiko:
RAFAEL DE LA COLINA.
GUSTAVO DIAZ ORDAZ.
A. P. GASGA.

Namens die Nederlandse Koninkryk:
D. U. STIKKER.
J. H. VAN ROIJEN.

Namens Nieu-Seeland:
C. BERENDSEN.

Namens Nicaragua:
G. SEVILLA SACASA.
GUSTAVO MANZANARES.

Namens die Noorweegse Koninkryk:
WILHELM MUNTHE MORGENSTIERNE.

Namens Pakistan:
ZAFRULLA KHAN.

For Costa Rica:
J. RAFAEL OREAMUNO.
V. VARGAS.
LUIS DOBLES SANCHEZ.

For Cuba:
O. GANS.
L. MACHADO.
JOAQUIN MEYER.

For the Dominican Republic:
V. ORDONEZ.
LUIS F. THOMEN.

For Ecuador:
A. QUEVEDO.
R. G. VALENZUELA.

For Egypt:
KAMIL A. RAHIM.

For El Salvador:
HECTOR DAVID CASTRO.
LUIS RIVAS PALACIOS.

For Ethiopia:
MEN YAYEHIRAD.

For France:
SCHUMAN.
H. BONNET.
PAUL-EMILE NAGGIAR.

For Greece:
A. G. POLITIS.

For Guatemala:
E. CASTILLO A.
A. M. ORELLANA.
J. MENDOZA.

For Haiti:
JACQUES N. LEGER.
GUST LARAQUE.

For Honduras:
J. E. VALENZUELA.
ROBERTO GALVEZ B.
RAUL ALVARADO T.

For Indonesia:
AHMAD SUBARDJO.

For Iran:
A. G. ARDALAN.

For Iraq:
A. I. BAKR.

For Laos:
SAVANG.

For Lebanon:
CHARLES MALIK.

For Liberia:
GABRIEL L. DENNIS.
JAMES ANDERSON.
RAYMOND HORACE.
J. RUDOLPH GRIMES.

For the Grand Duchy of Luxemburg:
HUGHES LE GALLAIS.

For Mexico:
RAFAEL DE LA COLINA.
GUSTAVO DIAZ ORDAZ.
A. P. GASGA.

For the Kingdom of the Netherlands:
D. U. STIKKER.
J. H. VAN ROIJEN.

For New Zealand:
C. BERENDSEN.

For Nicaragua:
G. SEVILLA SACASA.
GUSTAVO MANZANARES.

For the Kingdom of Norway:
WILHELM MUNTHE MORGENSTIERNE.

For Pakistan:
ZAFRULLA KHAN.

Namens Panama:
IGNACIO MOLINO.
JOSE A. REMON.
ALFREDO ALEMAN.
J. CORDOVEZ.

Namens Paraquay:
LUIS OSCAR BOETTNER.

Namens Peru:
F. BERCKMEYER.

Namens die Filippynse Republiek:
CARLOS P. ROMULO.
J. M. ELIZALDE.
VICENTE FRANCISCO.
DIOSDADO MACAPAGAL.
EMILIANO T. TIRONA.
V. G. SINCO.

Namens Saoedies Arabië:
ASAD AL-FAQIH.

Namens Sirië:
F. EL-KHOURI.

Namens die Turkse Republiek:
FERIDUN C. ERKIN.

Namens die Unie van Suid-Afrika:
G. P. JOOSTE.

Namens die Verenigde Koninkryk van Groot-Brittanje en Noord-Ierland:
HERBERT MORRISON.
KENNETH YOUNGER.
OLIVER FRANKS.

Namens die Verenigde State van Amerika:
DEAN ACHESON.
JOHN FOSTER DULLES.
ALEXANDER WILEY.
JOHN J. SPARKMAN.

Namens Uruguay:
JOSE A. MORA.

Namens Venezuela:
Ad Referendum:
ANTONIO M. ARAUJO.
R. GALLEGOS M.

Namens Vietnam:
T. V. HUU.
T. VINH.
D. THANH.
BUU KINH.

Namens Japan:
SHIGERU YOSHIDA.
HAYATO IKEDA.
GIZO TOMABECHI.
NIRO HOSHIJIMA.
MUNEYOSHI TOKUGAWA.
HISATO ICHIMADA.

DEKLARASIE.

Met betrekking tot die Vredesverdrag wat vandag onderteken is, vaardig die Regering van Japan onderstaande Deklarasie uit:—

1. Behoudens andersluidende bepalings in genoemde Vredesverdrag, erken Japan die volle geldigheid van alle meersydige internasionale ooreenkomste tans van krag waarby Japan op 1 September 1939 'n party was en verklaar hy dat hy, wanneer genoemde Verdrag vir die eerste keer van krag word, al sy regte en verpligtings ingevolge dié ooreenkomste aanvaar. Wanneer deelname aan 'n oorenkoms egter lidmaatskap van 'n internasionale organisasie meebring en Japan op of na 1 September 1939 opgehou het om daarvan lid te wees, is die bepalings van hierdie paragraaf slegs van krag as Japan weer as lid van die betrokke organisasie toegelaat word.

For Panama:
IGNACIO MOLINO.
JOSE A. REMON.
ALFREDO ALEMAN.
J. CORDOVEZ.

For Paraguay:
LUIS OSCAR BOETTNER.

For Peru:
F. BERCKMEYER.

For the Republic of the Philippines:
CARLOS P. ROMULO.
J. M. ELIZALDE.
VICENTE FRANCISCO.
DIOSDADO MACAPAGAL.
EMILIANO T. TIRONA.
V. G. SINCO.

For Saudi Arabia:
ASAD AL-FAQIH.

For Syria:
F. EL-KHOURI.

For the Republic of Turkey:
FERIDUN C. ERKIN.

For the Union of South Africa:
G. P. JOOSTE.

For the United Kingdom of Great Britain and Northern Ireland:
HERBERT MORRISON.
KENNETH YOUNGER.
OLIVER FRANKS.

For the United States of America:
DEAN ACHESON.
JOHN FOSTER DULLES.
ALEXANDER WILEY.
JOHN J. SPARKMAN.

For Uruguay:
JOSE A. MORA.

For Venezuela:
AD. REFERENDUM.
ANTONIO M. ARAUJO.
R. GALLEGOS M.

For Vietnam:
T. V. HUU.
T. VINH.
D. THANH.
BUU KINH.

For Japan:
SHIGERU YOSHIDA.
HAYATO IKEDA.
GIZO TOMABECHI.
NIRO HOSHIJIMA.
MUNEYOSHI TOKUGAWA.
HISATO ICHIMADA.

DECLARATION.

With respect to the Treaty of Peace signed this day, the Government of Japan makes the following Declaration:—

1. Except as otherwise provided in the said Treaty of Peace, Japan recognizes the full force of all presently effective multilateral international instruments to which Japan was a party on September 1, 1939, and declares that it will, on the first coming into force of the said Treaty, resume all its rights and obligations under those instruments. Where, however, participation in any instrument involves membership in an international organization of which Japan ceased to be a member on or after September 1, 1939, the provisions of the present paragraph shall be dependent on Japan's readmission to membership in the organization concerned.

2. Die Japanse Regering is voornemens om so gou moontlik, maar nie later nie as een jaar na die datum waarop die Vredesverdrag vir die eerste keer van krag word, formeel tot die volgende internasionale ooreenkomste toe te tree:—

(1) Protokol op 11 Desember 1946 in Lake Success vir ondertekening oopgestel, wat die ooreenkomste, konvensies en protokolle in sake verdowingsmiddels van 23 Januarie 1912, 11 Februarie 1925, 19 Februarie 1925, 13 Julie 1931, 27 November 1931 en 26 Junie 1936, wysig;

(2) Protokol op 19 November 1948 in Parys vir ondertekening oopgestel wat verdowingsmiddels buite die bestek van die konvensie van 13 Julie 1931, vir die beperking van die vervaardiging van verdowingsmiddels en die regulering van die distribusie daarvan, soos gewysig by die protokol wat op 11 Desember 1946 in Lake Success onderteken is, onder internasionale beheer gebring het;

(3) Internasionale Konvensie in sake die Uitvoering van Buitelandse Skeidsregterlike Toekennings wat op 26 September 1927 in Genève onderteken is;

(4) Internasionale Konvensie betreffende Ekonomiese Statistiek, met protokol wat op 14 Desember 1928 in Genève onderteken is, en protokol wat die Internasionale Konvensie van 1928 betreffende Ekonomiese Statistiek wysig en wat op 9 Desember 1948 in Parys onderteken is;

(5) Internasionale Konvensie betreffende die Vereenvoudiging van Doeane-formaliteite, met protokol van ondertekening, wat op 3 November 1923 in Genève onderteken is;

(6) Oorenkoms van Madrid van 14 April 1891 vir die Voorkoming van Vals Benamings vir die oorsprong van Goedere, soos hersien op 2 Junie 1911 in Washington, op 6 November 1925 in Den Haag en op 2 Junie 1934 in Londen;

